



eduresourceza.com

Grade:	12
Subject:	AFRIKAANS
Name of assessment:	VRAESTEL 2
Date:	13 JUNIE 2023
Student Name:	
Time started:	
Time ended:	
Number of pages uploaded: (including the cover pages)	

INVIGILATOR DECLARATION

This form is to be completed and signed by the invigilator of this assessment and must be uploaded along with the completed assessment into the submission box on Moodle.

I _____, confirm that this assessment was written:

1. Under uninterrupted supervision.
2. Within the specified time limit.
3. Without access to Moodle, notes, textbooks, internet research or any other resources, unless specified as allowed for during the test.
4. Without a cell phone in the vicinity of the exam / test venue.
5. Without any assistance from another person, including myself.
6. Without any prior tips / coaching towards the specific questions of the test from me.

Notes:

.....

.....

Signature: _____

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 2

GRAAD 12

13 JUNIE 2023



Tyd: 2 ½ uur

Totaal: 100 punte

Eksaminator: Yvonne Coetzee

Moderator: Cecilia Snyders

Naam & Van:

Lees hierdie instruksies aandagtig deur:

1. Hierdie vraestel bestaan uit **13** bladsye (die 'Invigilator's Declaration' en hierdie voorblad word daarby ingesluit). Maak seker dat jou toets-/eksamenvraestel volledig is.
This paper consists of a question paper of 13 pages (including the Invigilator's Declaration and this cover page). Check that your test/exam paper is complete.
2. Lees die inligting en vrae aandagtig deur.
Read the information and questions carefully.
3. Beantwoord al die vrae op lyntjies papier.
Answer all the questions on lined paper.
4. **Geen getikte antwoordstelle sal aanvaar word nie.** Jy moet in blou of swart ink skryf.
No typed scripts will be allowed. They must be hand-written in blue or black ink.
5. Dit is in jou eie belang om netjies en leesbaar te skryf.
It is in your own interest to write legibly and to present your work neatly.
6. Maak seker dat al jou bladsye leesbaar is voordat jy jou werk stoor en oplaai. Onvolledige of onleesbare werk mag nie later opgedateer word as jou tyd verstreke is nie.
Be sure to scan all pages clearly before saving and uploading your test/exam – incomplete or unreadable tests may not be updated after the submission box has closed.
7. Skandeer die 'Invigilator's Declaration' en hierdie voorblad in saam met jou antwoordstel.
Ensure that the signed Invigilator's Declaration and this cover page are scanned in with your test/exam.
8. Stoor jou werk as volg: Van_Voornaam_Toetsnaam_Datum.
Save your work according to the following naming convention: Surname_Firstname_Test Name_Date.
9. **Please note that should you access the course content on Moodle during this test/exam you will receive a zero. Consulting Google for definitions, diagrams or any other information during this test/exam will also result in zero. Both are considered cheating and will carry negative consequences.**

AFDELING A: LETTERKUNDE**INSTRUKSIES VIR AFDELING A:**

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
3. Skryf jou **getal woorde** aan die einde van die **paragraaf in Vraag 2** en die **opstel in Vraag 4** neer.
4. Let op die punttoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die getal feite wat verwag word.
5. **Beplanning**
 - 5.1. Dit is 'n goeie idee om 'n opstel of paragraaf te beplan voordat jy dit neerskryf. Die beplanning word nie gemerk of bepunt nie.
 - 5.2. Skryf die opskrif: **BEPLANNING** boaan. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar met jou skryfstuk is.

VOORBEELD:

	BEPLANNING  (linkerkantse bladsy)		VRAAG  (regterkantse bladsy)	
--	---	--	---	--

DONKER WEB *Fanie Viljoen*

Beantwoord die volgende VIER vrae oor die roman, DONKER WEB.

VRAAG 1: GREG SE NUWE BEGIN

En noudat alles verby is – skool, Dok en my pa se hofsak, die media-vreetfees – is die neerdrukkende gevoel in ons huis steeds daar. Dit besef ek toe ek die aand vir die laaste keer in my bed lê. Môre is dit tyd vir 'n nuwe begin. Die een of ander tyd moet 'n mens voortgaan. Dis die lewe.

[bl. 12]

- 1.1 Daar is 'n donker, neerdrukkende gevoel in Greg-hulle se huis.
- 1.1.1 Waar woon Greg-hulle? (1)
- 1.1.2 Waar was Greg op skool? (1)
- 1.1.3 Noem TWEE redes waarom die atmosfeer in hul huis so donker en hartseer is. (2)
- 1.1.4 Met watter nuwe begin sou Greg sy donker verlede agterlaat? (1)

“Dis j   pa wat daardie mense mense doodgemaak het,” karring die vrou verder.
“Butcher, Baker, watsegoed.”

[bl. 24]

- 1.2 1.2.1 ‘n Vreemde vrou in ‘n gastehuis op Beaufort-Wes het Greg oor sy pa beskuldig. Hoe het sy Greg herken? (1)
- 1.2.2 Die vrou verwys na ‘n kriminele komplot waarvan Greg se pa deel was. Wat was die naam van hierdie projek / komplot? (1)
- 1.2.3.1 Wie was die ‘Butcher’? (1)
- 1.2.3.2 Hoe het Greg die Butcher voor die hofsaak geken? (1)
- 1.2.4 Wat was Greg se pa se bynaam as deel van die komplot? (1)

Vrydagaand bewe Stellenbosch van die energie. Liggies hang aan bome. Driehoekige vlaggies hang aan bome. Ek het nie besef die storie is so groot nie. Ek kry vir Plank by sy koshuis.

[bl.30]

- 1.3 1.3.1 Na watter geleentheid van die studente word in bogenoemde aanhaling verwys? (1)
- 1.3.2 Wie is Plank? (1)
- 1.3.3 ‘n Dronk student loop in Greg vas. Hoe beskuldig hierdie vreemde student vir Greg? (1)
- 1.3.4 Hy vra Greg of hy die “Koekieman” ook gaan vang. Wat bedoel hy? (1)

- 1.3.5 Selfs Plank word deur Greg se donker verlede geraak toe hy sy meisie aan Greg wou voorstel. Beskryf kortliks wat gebeur het. (1)

[15]

VRAAG 2: VERHOUDINGS IN GREG SE LEWE

Uiteindelik is die laaste klas vir die week verby. Ek stap van daar af na Maties Gym toe vir 'n vinnige sessie. Dis môre Goeie Vrydag. Vanaand vlieg ek vir die langnaweek Johannesburg toe. Daar is iets wat ek môre moet doen. 'n Ding wat reeds swaar op my gemoed lê.

[bl. 56]

- 2.1 Gedurende Greg se lewe in Johannesburg en as student op Stellenbosch het hy met verskeie mense in aanraking gekom.
- 2.1.1 Hoe het Chloe, die kunsstudent wat in die woonstel langs hom gewoon het, Greg gehelp net voordat hy Turkye toe gegaan het? (1)
- 2.1.2 Oom Dirk, Lisa se pa, kom besoek Greg in die Workout Café by die Gym. Wat was die doel van sy besoek? (1)
- 2.1.3 Net voor Greg van die huis weg is om te studeer, het hy sy ma jammer gekry toe sy vir hom van haar hartseer oor John vertel. Wat het sy in hul huis gedoen toe sy alleen was? (1)
- 2.1.4 Toe Greg vir die langnaweek by hul huis arriveer, kry hy 'n skok. Waarom is hy so ontsteld? (1)
- 2.1.5 Greg se vorige meisie, Nicole, kom by sy huis aan. Hoe het haar situasie verander? (1)

'n Traliehek sluit anderkant die glasvenster oop. Dan kom my pa die besoekershokkie binne... Sy rug, wat altyd so regop was, is nou meer geboë. Sy hare is gryser. Sy vel vaal. Hy kom sit, maar die hokkie is so klein dat hy skuins moet draai. Van agter die glas kyk hy na my. Sy oë lyk soos 'n vertrek waaruit iemand weggeloop het. Hy byt sy lip vas. Knik sy kop effens.

[bl. 61]

2.2 2.2.1 Waar het Greg sy pa gaan besoek? Wees spesifiek n jou antwoord. (1)

2.2.2 Waarvan het sy pa hom beskuldig? (1)

2.2.3 Dink jy dit was regverdig / reg dat sy pa so gevoel het? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

2.3 Skryf nou 'n **paragraaf** van tussen **80 en 120 woorde** oor **Greg se komplekse verhouding met Xander**. Greg sien Xander eers as 'n **slang** of 'n **duiwel** wat veroorsaak dat die wantroue en spanning tussen hierdie twee jong mans heeltyd op 'n mespunt is.

In jou paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- Wat het by Greg se skool gebeur dat Greg nou vir Xander haat? (1)
- Greg besef dat Xander die enigste persoon is wat hom kan help om die Baker op te spoor. Verduidelik. (1)
- Greg vra op Xander se blog of hy hom sal help. Xander antwoord Greg met 'n **palindroom**. Wat was die betekenis van die palindroom wat Xander vir Greg gestuur het toe Greg hom om hulp gevra het om die Baker te help soek? (1)
- Greg moes eers sy sondes bely voordat Xander verder wou kommunikeer. Watter twee sondes bely Greg? (2)
- Xander stuur 'n pakkie met twee items vir Greg. Wat was daar in? Waarom wou Greg nie Xander se instruksies presies so uitvoer nie? (2)

[15]

VRAAG 3: DIALOOG

“Hoş geldiniz,” sê ‘n vrouestem meteens agter ons. Toe ek omdraai, sien ek die mooiste meisie ooit. Lang donkerbruin hare krul sag in haar nek. Oë met ‘n misterieuse kyk. ‘n Grys toppie. ‘n Stywe broek. Kaalvoet.
“Guys, this is Ayla.” Sy glimlag toe sy ons groet. “Hou julle hande tuis. Oukei?” Ernstig.

[bl. 143]

Greg en Plank het in Istanboel aangekom en Ayla daar ontmoet. Voltooi nou die gesprek tussen hulle.

Skryf net die **nommer van die vraag** en **jou antwoord** in die Antwoordboek neer. Laat 'n reël oop tussen elke antwoord. Let ook op die puntetelling by elke vraag.

- 3.1 Greg: Jy kan Afrikaans praat. Hoe so?
Ayla: ... (2)
- 3.2 Greg: En jou ma?
Ayla: ... (1)
- 3.3 Greg: Vertel my meer van jou ouers. Woon hulle ook hier in Turkye? Werk hulle nog?
Ayla: ... (2)
- 3.4 Greg: Net ‘n vraag. Hoekom was jy in Stellenbosch, Xander?
Xander: ... (1)
- 3.5 Xander: Maar Greg, vertel ons – hoekom wil jy die Baker soek? Is dit nie genoeg dat jou pa in die tronk sit nie?
Greg: ... (1)
- 3.6 Ayla: Vertel my meer van hierdie komplot. Wat presies het hulle gedoen? (3)
Greg: ...

3.7 Xander: Wat het jy intussen oor die Baker uitgevind?
Greg: ... (1)

3.8 Xander: Wat van daardie dr. Rian Trollip. Was dit nie dalk hy nie?
Greg: ... (2)

3.9 Xander: Wel, vandag begin ons die Baker soek!
Greg: Waar?
Xander: ... (1)

3.10 Ayla: Greg, ek wil jou nou iets vra. Hoekom het Plank
saamgekom? Het hy ook iets hiermee te doen?
Greg: ... (1)

[15]

VRAAG 4: OPSTEL

TEMA VAN OPSTEL: **WRAAK** – en die gevolge daarvan.

Opdrag:

Skryf 'n opstel van tussen **250 en 400 woorde** oor die tema van die soektog na die Baker in die roman, *Donker Web*.

- Gebruik die **ideekaart** hieronder.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Jou opstel moet ook 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

Paragraaf 1 – Inleiding.**Paragraaf 2 Die web van die komplot.**

Greg word deur Thomas Lawson na 'n funksie by sy huis in Seepunt genooi. Hoe het Thomas Lawson vir Greg geken?	(1)
Dit is gou duidelik dat al die mense by die partytjie die een of ander band met mekaar het. Dis eers toe Greg 'n foto in Lawson se studeerkamer sien, dat hy besef wat die verbintenis is. Wat / wie was op die foto?	(2)
Op watter manier is John se dood dalk direk of indirek deur 'n farmakologiese maatskappy veroorsaak?	(1)
Die farmakologiese maatskappy het 'n ander, meer donker (<i>evil</i>) en kriminele doel gedien. Verduidelik kortliks wat die doel was.	(1)

Paragraaf 3 – Waarskuwings om op te hou soek na die Baker.

Beskryf Greg se pa se reaksie toe hy hoor dat Greg die Baker wil soek.	(2)
Wat het met Tom gebeur nadat hy met Greg gepraat het? Bespreek volledig.	(2)
Greg word vanuit die aanhoudingselle gedreig om op te hou soek. Wat was die dreigement?	(2)
Greg kry 'n skok toe hy na die Paasnaweek weer by sy woonstel in Stellenbosch aankom.	(2)
Xander blameer vir Greg vir 'n skokkende video wat op sy SFTP server geplaas is. Watter video was dit? Waarom kon dit ook as 'n waarskuwing vanaf die Baker dien om na hom op te hou soek?	(2)

Paragraaf 4 – Die innerlike konflik wat hierdie soektog in Greg se lewe veroorsaak.

Greg se soektog het sy ma se lewe in gevaar gestel. Verduidelik wat gebeur het en watter effek dit op Greg gehad het.	(2)
Greg het by oom Dirk gaan raad vra toe sy emosies hom oorweldig. Waarmee vergelyk oom Dirk die verbintenis tussen die klomp skurke, skelms en onderwêreldse skemas?	(1)
Watter raad (<i>advice</i>) gee Oom Dirk in hierdie gesprek aan Greg in verband met sy soektog na die Baker?	(1)
Waar sê Xander moet hulle na die Baker gaan soek? Hoe voel Greg daaroor?	(1)

Paragraaf 5 - Slot.

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. (5)

[25]

AFDELING A: 70 PUNTE

AFDELING B: TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**INSTRUKSIES VIR AFDELING B:**

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
2. Begin elke vraag op 'n **nuwe** bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
3. Skryf die **getal woorde aan die einde van elke vraag** neer.
4. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:
 - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk;
 - interpretasie van die opdrag;
 - inhoud en idees;
 - register en toon; asook
 - taalgebruik.

5. Beplanning

Dit is 'n goeie idee om jou skryfstukke te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

5.1 Skryf die opskrif **BEPLANNING** boaan elk.

5.2 Trek 'n **streep deur jou beplanning** sodra jy met jou skryfstukke klaar is.

VRAAG 5: TOESPRAAK**Situasie:**

Die matrikulante in jou skool woon altyd net voor die eindeksamen 'n **prysuitdeling** by. Ouers en onderwysers is ook by hierdie geleentheid teenwoordig.

Opdrag:

Jy is gevra om namens jou Graad 12-groep 'n **toespraak** te lewer. Jy sal in jou toespraak die volgende wil aanraak:

- Bedankings.
- Goeie herinneringe / insidente / situasies gedurende jul skoolloopbaan.
- Uitdagings wat jul in jul skooljare moes oorkom.
- Voorspoed vir die komende eksamen aan jou klasmaats toewens.
- 'n Inspirerende boodskap vir die toekoms.

Jou skryfstuk moet **150 – 220** woorde bevat. Skryf die woordtelling onderaan jou skryfstuk neer.

[20]

VRAAG 6: E-POS - STUDIEWENKE**Situasie:**

Jou maat sukkel met sy / haar skoolwerk. Hy / Sy is bang vir die eksamen.
Jy wil hom / haar graag help.

Opdrag:

- Skryf nou **TIEN wenke** neer waarin jy hom / haar **raad / advies** gee hoe om te studeer.
- Noem ook hoe hy / sy op sy / haar gesondheid kan fokus om sukses te behaal.
- Stuur dit per **e-pos** aan hom / haar.

Onthou:

Jou skryfstuk moet **60 – 100** woorde bevat.
Skryf die woordtelling onderaan jou skryfstuk neer.

[10]**AFDELING B: 30 PUNTE****TOTAAL (AFDELINGS A + B): 100 PUNTE**